**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Donderdag **1 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:31-33**

## Die groot beloofde Koning is op pad

Lukas 1:26-38 vertel van die tweede aankondiging van Jesus se geboorte. Die engel bring die nuus van ’n wonderbaarlike swangerskap. Méér as net die aankondiging van ’n swangerskap, is hierdie ’n amptelike verklaring deur ’n hemelse boodskapper oor die koms van die Koning.

Na die aanvanklike skok en verbystering deur die engel se verskyning en groet, troos die engel Maria met God se teenwoordigheid en beloftes. Hy sê dat sy sal swanger word en geboorte gee aan ’n seun (1:31). Dit is ’n groot vraagteken vir Maria (1:34), maar die hoofsaak van die engel se boodskap lê in dié Seun se identiteit. Die klem van die gedeelte is nie die manier van Jesus se geboorte nie. Die fokus is eerder God se genadige werk in die nakoming van die belofte om sy volk te verlos.

Die seun wat gebore gaan word, sal die een wees volgens die Dawidiese belofte (1:31-35). Die Jode verwag die Messias uit die nageslag van Dawid (2 Sam. 7; 1 Kron. 17). Die beloofde koning sal die volk se skuld en skaamte wegneem. Hierdie koning sal:

- groot wees (seun van die Allerhoogste),
- ’n verlosser en regeerder van die volk,
- Hy sal regeer tot in alle ewigheid,
- en God sal met hom ’n Vader-seun verhouding hê.

Nou word die nuus amptelik bekend: Die koninkryk van God sal nou in die wêreld deurbreek omdat die beloofde Koning self aan die kom is. Dit is hierdie koning wat aan ’n kruis gaan hang, Godverlate gaan wees vir al God se begenadigdes. Dit is Hy wat die dood gaan oorwin en as koning op die troon aan die regterhand van die Vader gaan sit. Wat oor sy kerk regeer, en wat die Koning van ons lewe is. Dit is Hy in wie se koninkryk ons deel het as hemelse burgers!

Let op hoe reageer Maria op die goeie nuus van die geboorte van die koning (1:38). Sy stel haarself as diensmaagd tot die Here beskikbaar. Dit is wat Christus die Koning ook van ons vra. Sê daarom: “Gebruik my soos U wil.”

*Sing: Psalm 89-1:2, 3*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)*